

11 Februarie

My plek in God se plan

Skrifgedeelte: Genesis 37

Fokusgedeelte: Genesis 37:1-11

God se plan met die wêreld vou soos 'n fotoalbum bladsy vir bladsy oop. Hier is 'n paar foto's:

- *"Kom Ons maak die mens ..."*
- *"Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan. So baie sal jou nageslag wees ..."*
En 'n klein (in vergelyking met die ander!) foto'tjie met onderskrif *Josef droom:*
- *"Sy broers was afgunstig op hom, en sy pa het aan die droom bly dink ..." (Gen 37:11)*

Ten spyte van wie Josef was – jonk, voortvarend, naïef, ingekruipte witbroodjie – gebruik God juis hom in die ontsluiting van sy raadsplan: Sy volk moet veilig in Egipte skuil teen die hongersnood wat kom. Daarvoor stuur Hy Josef vooruit – al is dit deur hom in 'n put vir dood te laat, as slaaf te verkoop ...!

Verder in die fotoalbum ...

- *"... waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan ..."*
- *"Aan My is gegee alle mag op die hemel en die aarde ..."*

Dan, hier's ek! 'n Foto van my en God se werk! Hy werk sowaar ook deur *my*, al is ek jonk, onseker, vol aggressie, voortvarend, negatief, verdraaide prioriteite. *Ek* het 'n plek in sy plan!

Al land ek in 'n put.

Of al is ek 'n slaaf.

God vervul sy plan, ook deur *mý* – vandag.

"Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad en daar was palmtakke in hulle hande ..."

Sing: Psalm 8:1, 5, 6 (2001 – Spies); Psalm 66:1, 7 (1936); Skrifberyming 18-1:1

Ds. Johan Fleischmann (Vleuels)